Bekostigbare voordele vir plaaswerkers

Een van die voorvereistes vir die skepping van volgehoue welvaart in 'n boerdery-onderneming is dat daar 'n gesonde finansiële beplanningstruktuur in werking gestel moet word.

Benewens die eiesoortige finansiële behoeftes van 'n boer en sy/haar boerdery moet daar ook omgesien word na die finansiële behoeftes van die plaaswerkers, wat 'n wesenlike rol speel in die skepping van welvaart vir die boerdery. Met Old Mutual se Easy Benefit Plan kan plaaswerkers se finansiële behoeftes doeltreffend aangespreek word. Die Easy Benefit Plan is 'n koste-doeltreffende pakket met omvattende finansiële voordele, wat vir die AgriMark asook ander sake-ondernemings ontwikkel is.

"Hierdie eenvoudige pakket, wat voordele vir plaaswerkers insluit, kan die boer help om bekwame werkers te behou, asook nuwes te werf - werkers wat in die verlede straks opgeraap is deur ander boerderye met beter werknemers-voordele," reken Riana Grobler, senior bemarkingskonsultant by Old Mutual Korporatief.

Die Easy Benefit Plan bied werknemervoordele soos lewens-, ongeskiktheids en begrafnisdekking vir die werkers asook die geleentheid vir werkers om vir hul eie aftrede te spaar – en dit sonder enige mediese onderskrywing.

Die Easy Benefit Plan is maklik om te koop, te aktiveer en te administreer. Voorts, ontvang die boerdery deurlopende bystand, asook kostelose toegang tot advies van 'n webtuistediens oor werknemerswet-gewing.

Om vir die Easy Benefit Plan te kwalifiseer moet 'n boerdery:

- Vyf of meer personeel in diens hê;
- Toegang tot die Internet hê;
- Beskik oor 'n geakkrediteerde betalingstelsel of Microsoft Excel op jou rekenaar geïnstalleer.

"Die Easy Benefit Plan is ontwikkel deur Old Mutual - 'n organisasie wat die eiesoortige finansiële behoeftes van sake-ondernemings verstaan. Met hierdie pakket sal jy jou lewe baie makliker maak, die druk op jou boerdery verminder asook sigbaar waarde toevoeg tot jou waardevolste bate – jou werkers," het Grobler bygevoeg.

Old Mutual Korporatief het 'n reeks nommerpas aftree-oplossings wat boerdery-besighede toegang bied tot bestaande aftreefondse asook risikovoordele. Old Mutual se Easy Benefit Plan is 'n omvattende bekostigbare oplossing geskik vir boerderye, wat insluit spaar vir aftrede, lewens-, ongeskiktheids-dekking asook familie begrafnisvoordele vir sowel die boer as sy/haar werknemers.

do great things

OLD MUTUAL
Corporate

Licensed Financial Services Provider

Vir nader inligting rondom Old Mutual se Sambreelfondse, gesels met Hannes Norval van Empfin Solutions by +27(0)824549814 of stuur 'n epos aan hnorval@empfinsolutions.co.za,
of stuur 'n epos aan Riana Grobler by rgrobler@oldmutual.com